Untitled Document <table width="600" border="0"> <tr> <td> Waar kom Kersvader se rooi uitrusting vandaan? Ons het op ’n versameling poskaarte, wat almal uit die jaar 1910 dateer, afgekom en besef dat Kersvader ’n honderd jaar gelede groen, blou, bruin en selfs pers uitrustings kon dra. <table width="600" border="0"> <tr> <td>
 Dié blou-geklede Kersvader op ’n 1910 poskaart kos vandag ’n aardige bedraggie </td> <td>
 Dié Duitse poskaart met ’n groen Kersvader is in reliëf met ’n glansafwerking </td> </tr> </table> Daar is ’n populêre mite dat dit die Coco Cola maatskappy is wat Kersvader in die 1930’s van sy groen jas, broek en hoed laat ontslae raak het. Blykbaar het hulle hom in helderrooi aangetrek om te pas by Coco Cola se handelsmerk. <table width="600" border="0"> <tr> <td>
 Di�blou en wit Kersvader kom uit Duitsland van 1910 </td> <td>
 Versamelaars gaan mal oor di� pers Kersvader se stewels met hulle geel diamantvormige versierings </td> <td>
 Hier het ?n rooi-jas Kersvader ?n groen broek aan terwyl hy met die een voet reeds in die skoorsteen staan </td> </tr> </table> Volgens kenners is dit egter nie waar nie. Kersvader het reeds in die 1860’s in ’n rooi uitrusting in ‘Harper’s Weekly’ verskyn. Die uitbeelding van dié Amerikaanse Sinterklaas is deur Thomas Nast gedoen <table width="600" border="0"> <tr> <td>
 Nog ?n poskaart van ?n blou Kersvader, di�keer saam met ?n rendier </td> <td>
 ?n Blou Kersvader bring persente met ?n kruiwa </td> </tr> </table> Die feit is dat Kersvader dwarsdeur die 19de eeu in enige denkbare kleur uitrusting uitgebeeld is. In ’n gewilde tekening van Kersvader wat as illustrasie vir Charles Dickens se ‘A Christmas Carol’ gedien het, verskyn hy in ’n groen uitrusting.
 Die poskaart met ’n seegroen Kersvader lees: Vive St. Nicolas Die tradisie van ’n pers, groen, blou of bruin geklede Kersvader het egter uitgesterf en vandag is dié jolige vetwang, witbaard man net in Coco Cola se kleure herkenbaar as Kersvader. <table width="600" border="0"> <tr> <td>
 ?n Bruin-jas Kersvader met ?n slee, Kersboompie en sak persente </td> <td>
 ?n Pers-geklede Kersvader hou ?n lampie vas. Die poskaart s� With All Good

Wishes </td> </tr> </table> </td> </tr> </table>